


# Week 4

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat ons versigtig vir wilde diere moet wees en hulle met ontsag moet benader.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat dit belangrik is dat ons diere moet bewaar.<br>• Hulle leer meer oor menslike eetgewoontes soos dat ons herbivore is.<br>• Maats leer dat families die wildtuin saam besoek en saam sosialiseer.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters “lees” saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie “leeservaring” word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• ’n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en “skryf” hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer “sewe” word die week behandel. Maats moet tot by sewe tel.<br>• Maats leer van die seshoek (die vorm hierdie week).<br>• Maats leer van chemiese reaksies.<br>• Maats sorteer diere op grond van hul eetgewoontes ens. uit. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om ’n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer ’n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder.<br>• Maats bou hul eie tente ens. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer oor herbivore, karnivore en omnivore.<br>• Hulle leer oor die wildtuin.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle hul eie verkykers maak, op “safari” gaan ens. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Sewe (7)***
- Vorm van die week: ***Seshoek***
- Kleur van die week: ***Pers***

# SIRKELSESSIE
## *Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 7 tel terwyl hulle ritmies hulle voete stamp***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



# Petra-Pers

# Petra-Pers *(Die Storie)*

Solank as wat Petra kan onthou, is pers haar gunsteling kleur. Nou is sy al 'n ouerige tannie en nog steeds is Petra mal oor alles wat pers is. Op die dorpie waar Petra gebly het, was daar twee ander Petras en om nie deurmekaar te raak nie, het die dorpsmense haar Petra-Pers gegin noem.

Petra-Pers is 'n interessante Gabbelgogga. Sy het ses ogies en 'n pers poniestertjie. Dan sal sy partykeer ook nog 'n pers serp om haar kop bind of lang pers oorbelle aansit wat swaai wanneer sy loop. Aan haar arms sal sy dan ook 'n hele klompie armbande in verskillende pers kleure aansit wat sal klingel as sy aangestap kom.

Sy kan haarself nie help as sy gaan inkopies doen nie; al wat sy raaksien is alles wat pers is. By die groentewinkel kan sy nie help om eiervrug en pluime te koop nie - dis dan so 'n pragtige donkerpers kleur. En by die juwelier moet sy altyd eers ingaan om vir haar nog 'n nuwe paar pers oorbelle te koop.

By die koffiewinkel bestel Petra vir haar bloubessie-kolwyntjies en drink sy bloubessie-tee. Dit het dan so 'n mooi blou-pers kleur. Die kinders in die dorpie hou baie van Petra-Pers en gaan groet haar graag, want dan steek sy haar hand in haar pers geblomde handsak en haal vir die kinders die lekkerste pers lekkergoed uit. Hulle wonder altyd waar sy al die pers suigstokkies en toffies kry.

**Vertoon hierdie week vir Petra-Pers in die klas**

Maats kan hierdie week vir Petra-Pers kossies soos beet, pluime en eiervrug bring. Maats kan ook vir haar hul eie pers oorbelle ontwerp en maak (gebruik elemente soos vere ens. wat nie te klein is en ingesluk kan word nie). Moedig maats verder aan om gepaste pers items vanuit die klas of van die huis af vir tannie Petra-Pers saam te bring.

**Probeer hierdie week om PERS verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Sessie Seshoek
Hoeveel seshoeke sien julle?


7
Mollie

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Die manna val UIT die hemel OP die grond / Watter prentjies het MEER tente in? Watter prentjies het die MINSTE tente in? / Hoeveel tente is daar in elke prentjie? Kom ons tel hulle.

# Bybelles

## *Kwartels en manna*

## DAG 1-2

Moses en die Israeliete het deur die woestyn begin trek op pad na die land wat God vir hulle belowe het. Hulle het baie ver getrek en eendag het die Israeliete begin kla dat hulle honger was. Party van hulle het tot gesê dat dit beter was in Egipte, want daar het hulle darem kos gehad.

God het vir Moses gesê dat Hy sou sorg dat daar die volgende dag vleis en brood vir die volk sou wees. Terwyl die Israeliete nog gewonder het waar die vleis vandaan sou kom, het ’n hele swerm kwartels in die kamp geland. Die mense het gehardloop en kwartels gevang en almal was bly omdat hulle nou vleis gehad het om te eet.

Die volgende oggend, toe die Israeliete wakker word, het daar sulke wit goed uit die hemel geval. Moses het vir die mense gesê dat dit “manna” genoem word en dat hulle net genoeg vir elke dag mag optel. Die manna het soos dun koeke wat met heuning gemaak is geproe.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Kwartels**

’n Tipe voëltjie

**Swerm**

’n Klomp voëls bymekaar

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Waaroor het die Israeliete gekla?
- Watter kos het God vir hulle gestuur?

### Lewensles

*God sal altyd vir ons sorg*

# Bybelles

## *Water uit 'n rots*

# DAG 3-4

Terwyl die Israeliete deur die woestyn getrek het, het daar baie wonderwerke gebeur. Die dae in die woestyn was nie maklik nie. Gedurende die dag was dit baie warm en in die aand was dit baie koud. Daar was nêrens water nie en weer het die mense vreeslik begin kla.

Moses het toe gebid en gevra dat God hom en die Israeliete moes help. God het toe vir Moses gesê dat Hy die volk by 'n rots bymekaar moes laat kom. Moses moes dan twee keer met sy kierie teen die rots slaan en dan sou God water uit die rots laat stroom. Daar sou genoeg water vir al die mense en diere wees om te drink. Moses het die volk bemekaar laat kom en toe vir hulle gevra: "Wil julle hê dat *ek* vir julle water uit hierdie rots moet laat kom?" Hy het toe twee keer teen die rots met sy kierie geslaan en daar het 'n groot stroom water uitgevloei. Maar God was kwaad vir Moses, want hy het vir die mense gese dat dit hy, en nie God was nie, wat die water uit die rots laat kom het.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Waaroor het die Israeliete nou weer gekla?
- Wat het Moses toe gedoen?
- Hoeveel keer moes Moses teen die rots slaan?
- Hoekom was God kwaad vir Moses?

## Woordeskat-ontwikkeling

**Wonderwerke**
Gebeure wat net God kan laat gebeur

**Rots**
'n Baie groot klip

**Stroom**
Baie water

## Lewensles

Ons mag nie God se eer nie vat nie!

## *Die koperslang*

# DAG 5

Die Israeliete was steeds nie dankbaar dat God vir hulle gesorg het nie. Om hulle vir hulle ondankbaarheid te straf, het God toe giftige slange gestuur om hulle te pik. Van die ondankbare Israeliete is toe gepik en het doodgegaan.

Moses het toe weer vir God gebid en gevra dat hy die slange moes wegneem. God het toe vir Mooses gesê dat hy 'n koperslang moes maak en dit op 'n paal moes sit. Die mense wat deur die slange gepik was, moes dan na die koperslang kyk en sou dan weer gesond word.

**Ondankbaar**
As ons nie dankie sê vir dit wat ons by ander kry nie

## Lewensles

God is goed en ons moet dankbaar wees !

# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week gaan ons "wildtuin" toe! Vra mammas vooraf om vir maats "stapsakkies" met happies in te pak. Mammas kan maats ook vir hulle "safari" aantrek!)*

Mollie is hierdie week baie opgewonde! Hy en sy familie gaan wildtuin toe! Maats het julle geweet ons gaan ook hierdie week wildtuin toe? Heel eerste moet ons 'n slaapplek vir die wildtuin bou. In die wildtuin slaap mense dikwels in tente in kamptereine. *(Haal 'n* ***groot wit laken*** *uit jou safari-tas. Bou 'n wit tent in die klas deur die laken byvoorbeeld oop te span. [Maats kan ook hulle eie tente met jou hulp bou]. Maak seker dat jou tent stewig is. Laat al die maats nou onder die tent/gespande wit laken gaan sit. Deel* ***vir elke maat twee toiletrolle*** *uit terwyl hulle op die grond sit. Laat hulle die toiletrolle teenmekaar vasplak en versier terwyl hulle op die grond sit. Wanneer almal klaar is gaan ons op safari! Laat maats dan hul verkykers gebruik om "wilde diere" [jy kan* ***plastiekdiere of fotos van wilde diere gebruik****] te soek wat jy vooraf oral in jou klaskamer/buite versteek het. Jy kan laat maats in 'n ry agter jou aanloop en deur hul verkykers na die diere soek terwyl jy vir hulle 'n "wildrit" gee en soos 'n wildbewaarder vir hulle meer van die onderskeie diere vertel.* ***LET OP: Die fokus van die lessies hierdie week is op omnivore, herbivore en karnivore. Daar word slegs na enkele voorbeelde van elk verwys. Onderskeie diere word nie in diepte bespreek nie. Jy kan dus tydens die "safari" soveel inligting oor die onderskeie diere wat maats gaan sien gee as wat jy goed dink.*** *Na die "wildrit" kan julle weer terug na julle "kampterein"/tent "ry". Laat maats weer in hul tent(e) gaan sit en hul safari-sakke uitpak en piekniek hou. 'n Klein "vuurtjie" kan van stompe en geel en oranje kreukelpapier kan gebou word waaroor oor maats worsies [viennas] kan "braai".)*

Nadat Mollie en sy familie deur die wildtuin gery het, sug Mollie. Daar is soveel diere wat 'n mens moet onthou. Daar is troeteldiere, plaasdiere en wilde diere. Hy hoop hy gaan kan onthou watter diere troeteldiere, watter diere plaasdiere en watter diere wilde diere is. Kan julle onthou maats? *(Pak* ***BAIE verskillende fotos/prentjies van verskillende troeteldiere, plaasdiere en wilde diere*** *saam met* ***drie plastiekborde*** *uit. Maats moet nou al die troeteldiere in een bord pak. Hulle moet dan al die plaasdiere in 'n ander bord pak en die wilde diere in die laaste bak plaas. Pak volgende net die prentjies van die wilde diere weer uit. Sit nou* ***blare, groente en vrugte*** *in een van die drie plastiekborde neer. Sit* ***biltong, ham of 'n pakkie vleis of wors*** *in die tweede bord neer. Sit dan 'n mengsel van blare, groente, vrugte en vleis in die derde bord neer. Laat maats nou al die herbivore, omnivore en karnivore by die relevante borde sit.)*




# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

**LET OP:**

**Plastiekdiere (wilde diere) of gelamineerde prentjies** van wilde diere kan in **’n groot, diep bak** gegooi word. **Jellie** kan dan aangemaak en bo-oor die plastiekdiere gegooi word. Laat die bak stol. Maats kan nou die jellie breek en die diertjies daaruit haal.

Die plastiekdiere of gelamineerde prentjies kan ook met **repe breë kleefband** op ’n tafel vasgeplak word. Gee nou vir maats elkeen ’n sakkie. Vra telkens vir maats om ’n dier, soos byvoorbeeld ’n leeu of ’n olifant, op die tafel te soek en in hulle **sakkies** te gooi. Maats moet dan met hulle vingertjies die kleeflint lostrek en die versoekte diertjies in hul sakkies gooi.





Wilde diere het geen maniere.


Hulle brom en grom en brul;

hulle is 'n wilde spul.

Hulle spring, hardloop en jag;

stink en bad nie elke dag.

Ja, wilde diere het beslis geen maniere!





# TEMA
*(Gedig en storie)*

## GEDIGGIE VAN DIE WEEK
*Wilde diere (CD)*

***Die gedig leer vir maats van die generiese eienskappe van wilde diere. Dit leer vir maats dat wilde diere wild is, nie daagliks bad nie ens.***

***Laat maats die gedig dramatiseer.***

## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Wilde-dier lyfie (CD)*

**Die lied gee vir maats die geleentheid om te brul soos 'n leeu, byt soos 'n tier ens.**

**Die liedjie is met dramatisering en ritmiese beweging in die oog geskryf. Laat maats dus lekker beweeg en dramatiseer. Hulle het wilde-dier lyfies.**

## STORIE VAN DIE WEEK
*Die wildtuin (CD)*

***Hierdie week gaan Mollie en sy gesin na die wildtuin toe. Mollie sien sommer vreeslik uit want hy wil graag sien hoe diere wat in die wildtuin bly lyk. Mollie en sy ouers ry verby velde en stop by 'n watergat. Terwyl hulle ry sien hulle dan ook verskillende wilde diere en bespreek van hierdie diere se karaktereienskappe. Maats leer dus hoe 'n wildtuin binne lyk en ook watter tipe diere ons in die wildtuin kan aantref.***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee. Maats kan ook die onderskeie diere in die storie se geluide naboots.***

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*


## Dag 1 en 2






Daar is verskillende soorte wilde diere.
Diere soos kameelperde, zebras en olifante eet net blare, gras, groente en vrugte.
Ons noem sulke diere *herbivore*.

## Dag 3 en 4





Wilde diere soos tiere, leeus, poemas en luiperds word *karnivore* genoem.
Karnivore eet net vleis.
Karnivore vang hulle eie kos. Hulle lewe van kleiner diertjies.

## Dag 5





Wilde diere soos ape, bobbejane en meerkatte word *omnivore* genoem.
Omnivore eet vleis *en* plante, vrugte en groente.

# Tema-les

## Herbivore

## DAG 1-2

Maats, weet julle wat is die verskil tussen troeteldiere en wilde diere? Troeteldiere is mak en ons sorg dat hulle kossies en water kry en dat hulle ’n veilige slaapplek het. Wilde diere bly in die veld en in bosse. Hulle sorg vir hulself. Hulle soek of jag self om vir hulle kos te kry.

Wilde diere is gevaarlik en ons moet nie dink dat ons hulle kan behandel soos ons troeteldiere nie. Ons kan na hulle kyk van ’n entjie (’n afstand) af, maar ons kan nie net sommer aan hulle vat of hulle probeer optel nie. Ons gaan daarom gewoonlik op wildritte deur die wildtuin en kyk met verkykers na diere terwyl ons veilig in ons karre sit.

Ons kry baie diere in die wildtuin. Party van hierdie diere eet net blare, gras, plante, groente en vrugte. Ons noem sulke diere *herbivore.* Zebras, kameelperde en olifante is voorbeelde van herbivore. Zebras lyk amper soos perdjies, maar hulle pelse is wit en swart. Kameelperde het weer nie strepe nie, maar kolle. Hulle het geel lyfies wat vol bruin kolle is en het ook lang nekkies wat hulle help om sommer hoog bo in die bome by die lekkerste groen blare by te kom. Olifante is het geen strepe of kolle nie. Hulle is grys en het lang slurpe waarmee hulle kos bymekaarmaak, water drink en hulself met water kan natspuit. Hulle het ook baie groot ore. Elke herbivoor is uniek!

### Kritiese denke

- Watter wilde diere kry ons nog wat herbivore is? Laat maats ’n paar herbivore buiten die wat in die les genoem is, op te noem.
- Is alle diere herbivore?
- Is mense herbivore?
- As jy ’n herbivoor kon wees, watter diertjie sou jy wou wees? Hoekom?

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Wilde diere | Jag | Verkykers | Kameelperd | Karnivoor | Luiperd |
| Veld | Gevaarlik | Herbivoor | Kolle | Jag | Kloue |
| Bos | Wildrit | Zebra | Olifant | Vleis | Slagtande |
| Soek | Wildtuin | Strepe | Slurp | Leeu | Prooi |

## Karnivore

## DAG 3-4

Sommige diere in die wildtuin soek nie blare, gras, groente of vrugte om te eet nie. Hulle jag eerder vir sappige vleisies. Dit beteken dat hulle ander diertjies vang om te eet. Ons noem sulke diere wat net vleis wil eet, *karnivore.*

Wilde katte soos leeus en luiperds is gewoonlik karnivore. Hulle hardloop vinnig agter diertjies aan en gebruik dan hul skerp kloue om die diertjies te vang. Hierdie diertjies wat hulle vang word hulle *prooi* genoem. Die karnivore gebruik dan hulle skerp slagtande om die prooi wat hulle gevang het te eet.

### Kritiese denke

- Watter ander kanivore kry ons?
- Het ons ook slagtande?

# TEMA-LES

Wilde katte is baie soos gewone huiskatte. Die groot verskil tussen huiskatte en wilde katte is dat wilde katte baie groter as huiskatte is. Wilde katte is ook baie gevaarliker as huiskatte.

Ons kry baie soorte wilde katte. Ons kry byvoorbeeld leeus, tiere, poemas, luiperds en rooikatte. Leeus staan bekend as die "konings van die wildtuin". Hulle woon in troppe en hulle word gelei deur die sterktste mannetjie. Leeuwyfies jag gewoonlik vir kos terwyl leeumannetjies weer almal in die leeu-familie (trop) beskerm.

Nie alle katte bly saam in troppe nie. Sommige wilde katte bly en jag alleen. Poemas is sulke katte. Hierdie mooi swart katte bly net by hulle mammas terwyl hulle nog klein katjies is. Wanneer hulle groot genoeg is, gaan bly hulle op hulle eie tussen heuwels of berge. Hulle leef dan deur klein diertjies soos hasies en klein bokkies te vang.

Luiperds is ook katte wat alleen bly. Hulle is mooi diere en het sulke donker kolle op hul goudgeel lywe. Hulle is kleiner as leeus, maar is so sterk dat hulle diere wat baie groter as hulle is kan doodmaak. Luiperds is baie vinnig en jag gewoonlik in die nag en kruip in die dag in en onder bome weg. Volgende jaar leer ons van die ander katte!

*Karnivore*

## DAG 3-4

### Kritiese denke

- Watter wilde diere kry ons nog wat karnivore is? Help maats om 'n paar karnivore buiten die wat in die les genoem is op te noem.
- Is mense karnivore?
- As jy 'n karnivoor kon wees, watter diertjie sou jy wou wees? Hoekom?

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Wilde katte | Luiperd(s) | Heuwels | Goudgeel | Blare | Sade |
| Leeu(s) | Trop | Berge | Omnivore | Gras | Plantwortels |
| Tier(e) | Mannetjie | Bome | Ape | Groente | Muise/Rotte |
| Poema(s) | Wyfie | Kolle | Bobbejane | Vrugte | Voëltjies |

Sommige diere in die wildtuin eet blare, gras, groente, vrugte en vleis. Ons noem sulke diere *omnivore.* Diere soos ape, bobbejane en klein meerkatjies is omnivore.

Ape en bobbejane eet graag grasse, sade, plantwortels en vrugte. Ape hou byvoorbeeld veral baie van piesangs. Soms eet ape en bobbejane ook vleis. Hulle eet dan muise, rotte, voëltjies en ander klein diertjies. Die meeste van die tyd eet hulle egter plante, groente en vrugte. Mense is baie soos apies en bobbejane omdat ons ook soos hulle plante, groente, vrugte en vleis eet.

*Omnivore*

## DAG 5

### Kritiese denke


- Noem nog omnivore!
- Eet alle mense plante, groente en vrugte?

# KUNSWERK

*Aktiwiteit 1*

## Verf/druk en plak

Hierdie arme kameelperd het sy kolle verloor! Laat maats hul vingers in bruin verf druk en dan vir die kameelperd bruin kolle gee. Bruin ronde plakkers kan ook vir maats gegee word om as kolle op die kameelperd te plak. Laat maats dan vir die kameelperd bobbelogies ook plak.



## Teken en inkleur

Hierdie arme Zebra het sy strepies verloor! Gee vir maats swart kryte of potlode om hul eie strepe op die Zebra te trek.



## Verf, plak, druk, manipuleer en knip


Laat maats die binneste sirkel van 'n papierbord geel en die buitenste rant daarvan bruin verf. Laat maats nou spaghetti of kort stringe wol (vir maanhare) al om die papierbord se buiterant plak. Laat hulle dan twee ogies in hul papierbordjies knip. Laat maats volgende die onderstaande ore, neus en mond op hul papierbord plak. Maak gaatjies aan die kant van die papierborde en trek 'n toutjie deur. Ons het 'n leeumasker gemaak!



# KUNSWERK
*Aktiwiteit 4*


## Inkleur, smeer, strooi, teken, knip en plak

Laat maats die onderstaande aap bruin inkleur. Laat hulle dan sy lyfies met gom smeer en koffiepoeier oor die nat gom strooi om vir hom 'n bruin pels te vorm. Laat maats nou 'n groen tuin teken en hul aap dan uitknip en in die groen tuin plak.



## Knip, sorteer en plak

Knip die ondestaande olifantjie in die aangeduide repe uit. Laat maats die olifant dan in die korrekte orde uitpak of op 'n ander bladsy plak.




# KUNSWERK
*Aktiwiteit 6*

## Meng en verf

Laat maats rooi en blou verf meng om pers verf te maak. Laat hulle nou vir Petra-Pers met die pers verf, verf.

# *Petra-Pers*






# KLEIKAART

*Aktiwiteit 7*

## Manipuleer en druk

Laat maats die onderstaande seshoeke van die GROOTSTE na die KLEINSTE met kleislange nagaan.

Laat hulle die seshoeke daarna tel. Daar is sewe van hulle. Maats moet nou die sewe met 'n kleislang oorgaan.



## Benodighede

| | | |
|---|---|---|
| Pilatusbal en balle | Vorms | Opgestopte mat |
| Bakens | Tou | Hoepels |
| Stelte | Ruimetonnel | Boontjiesakkies |

### Opwarming

- Laat maats die "hardloop en vries" speletjie speel. Maats moet rondhardloop en telkens doodstil gaan staan wanneer juffrou "stop/vries" sê.

### Balans

- Laat maats op 'n klein pilatusbal sit. Gooi nou vir hulle 'n bal. Maats moet dit vang en dan weer terug na juffrou gooi sonder om hul balans op die pilatusbal te verloor.
- Pak nou bakens uit en laat maats op stelte tussen die bakens deurloop.
- Pak volgende gekleurde vorms in 'n paadjie op die gras/grond uit. Maats moet nou met stelte op die vorms loop sonder om op die gras/grond tussen die vorms te trap.

### Lateraliteit

- Pak 'n tou, ruimtetonnel en mat uit. Maats moet nou "zig-zag" oor die tou spring, deur die tonnel kruip en oor die mat rol. Herhaal die oefening drie keer.
- Laat maats nou op die mat sit en hul regterhand op hul linkervoet sit. Laat maats dan hul linkerhand op hul regterskouer plaas. Volgende kan hulle hul regterhand op hul linkeroog en dan hul linkerhand op hul regteroor plaas. Laat maats al hul liggaamsdele en sintuie gebruik om telkens die middellyn soos per jou instruksie te kruis.

### Koördinasie

- Laat maats in 'n hoepel staan. Pak verskillende vorms voor die hoepel uit. Maats moet nou volgens jou instruksies telkens boontjiesakkies op die sirkel, driehoek, vriekant ens. gooi.
- Pak nou twee rye vorms voor maats uit. Maats moet nou boontjiesakkes met hul regterhande op die vorms in die linkerkantste ry gooi. Hulle moet dan die boontjiesakkies met hul linkerhande op die vorms in die regterkantste ry gooi.
- Plak twee vorms teen 'n muur. Een vorm moet hoog en een laag geplak wees. Laat maats 'n entjie van die vorms af staan. Gee dan vir maats 'n sakkie of klein balletjie waarmee hulle die boonste vorm met 'n oorgooi en die onderste vorm met 'n onderhandgooi kan raakgooi.

# KINETIKA

## Ratsheid

- Pak verskillende kleure (bv. rooi, blou, groen en geel) hoepels in 'n "zig-zag" formaat uit. Maats moet nou in die eerste hoepel staan en dan op juffrou se bevel in die rooi, blou, groen en geel hoepels spring.
- Laat maats wydsbeen sit. Laat val 'n groot bal tussen maatjies se bene terwyl hulle die bal met hulle bene probeer "vang" deurdat hulle hul bene vinnig toeknyp. Herhaal die oefening 'n paar keer.

## Ritme

- Maats moet ritmies volgens juffrou se hande-klap stap.
- Hulle moet vorentoe loop en draf terwyl hulle self hande klap.

## Afwarming

Strekke



# Kameelperde en luiperde het kolle!

Maats gaan leer van chemie in hierdie diere-eksperiment! Hierdie eksperiment vereis veiligheidsmaatreëls. Juffrou sal die finale stappe van die eksperiment moet doen, met die maats wat op ’n veilige afstand staan om seker te maak dat niks in hulle ogies spat nie.

## Benodighede

- Koeksoda
- Verskillende voedselkleursels (gelkleursels werk die beste)
- ’n Pan of plat bak
- Wit asyn
- ’n Teelepel of medisyne-drupper



## Instruksies

1. Versprei die koeksoda oor die oppervlak van die bak. Dik lae is onnodig, maar die hele bak se oppervlak moet bedek word.
2. Laat maats kolle van die voedselkleursel oor die bakoppervlak drup. Juffrou kan help dat hulle kleure kies wat luiperds, kameelperde of enige ander wilde dier se kleur kolle probeer namaak. (Dit is nie ’n vereiste nie, ons maats kyk net na die ronde kolpatrone.)
3. Laat maats ’n bietjie verder wegstaan. Nou kan juffrou asyndruppeltjies op die gekleurde kolle drup. Die kolle sal begin “fizz”.

## Wat het ons geleer?

Ons maats leer dat ons kombuisbestandele bymekaar kan gooi om ’n reaksie te veroorsaak.

Chemie!

